*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 17 Mei 2026**
**6e Sondag ná Pase**

**Wanneer Jesus voor jou oë "verdwyn", moet jy (wag en) fyn luister...**

*"'En kyk, Ek sal die belofte van my Vader na julle stuur. Maar bly julle in die stad totdat julle met krag uit die hoogte toegerus word.' Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan, en is in die hemel opgeneem. Hulle het Hom aanbid, en met groot blydskap na Jerusalem teruggekeer..."*
(Lukas 24:49-52)
*"Terwyl Hy met hulle saamgeëet het, het Hy hulle beveel: 'Moenie uit Jerusalem weggaan nie, maar bly wag op die Vader se belofte wat julle van My gehoor het...' ... Toe Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle toekyk, en 'n wolk het Hom uit hulle gesigsveld weggeneem... Daarna het hulle van die Olyfberg af... teruggekeer na Jerusalem. ... Hulle het almal eensgesind in gebed volhard, saam met die vroue, en ook saam met Maria, die moeder van Jesus, en sy broers."*
(Handelinge 1:4, 9, 12 en 14)

Dit was vroegoggend en dit was aand, die Sondag van Pase en die Donderdag van Hemelvaart, 2026. Die oop graf, leeg (Lukas 24:3); die oop hemel, verhuld deur 'n wolk (Hand. 1:9). Twee grense vir ons menslike, aardse bestaan: òns kan nie die graf en dood in en weer lewe nie; òns kan nie só aards die hemel in nie – ons is die magteloses as dit by hierdie dinge kom. Daarom dan ook, twee groepe verdwaasde toeskouers: die vroue, want Jesus se liggaam is weg (Luk. 24:4); die dissipels, want Jesus is weggeneem (Hand. 1:9). En twee keer – "skielik", "meteens" – twee manne in wit klere daar (24:4; 1:10)! Twee vrae: *"Waarom soek julle die lewende by die dooies?"* (24:5), en, *"Waarom staan en staar julle na die hemel?"* (1:11). Die een vraag herinner aan die verlede; aan wat Jesus gesê het gaan gebeur, en wat God inderdaad gedoen het! Roep ons as't ware uit die dood uit, die lewe in! Die ander vraag herinner aan die toekoms; aan wat Jesus óók gesê het en sal doen – hierheen terugkeer! Roep ons as't ware van die eendag af, van die kyk na die hemel, terug na vandág en hierdie aarde! Want dít is nóg 'n ooreenkoms tussen daardie eerste Paassondag en Hemelvaartsdag: Beide kere keer die groep terug, die stad Jerusalem in, die vroue na die dissipels (Luk. 24:9); die dissipels na die vroue (Hand. 1:12-14)...

Die byna woordelikse ooreenkomste in hierdie twee verhale is nét te opvallend – Lukas wou iets baie belangrik uitwys. En dan snap jy, as "kyker": Wanneer Jesus "verdwyn", moet jy fyn luister en onderskei, daarom dat Hy twee keer gesê het: *"... gaan bly / wag..."* (24:49; 1:4). En sy dissipels gaan bid het, tien dae lank, en toe word dit Pinkster (Hand. 1:14, 2:1)!

**JL.**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; ds. Janke Hurter en Matildie Wium in die saal. Welkom aan besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* of Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke op die tafel – neem gerus een en deel in ons liturgie en lering.

## LITURGIE

**Verwelkoming, en oomblik van stille toewyding...**

**Aansteek van die Paaskers**

| | |
|---|---|
| **Wydingslied:** | "O Jesus, kom tog nader" (Lied 153:1, 2 en 3) |

**Votum en Seëngroet**

| | |
|---|---|
| **Loflied:** | "Sing juigend, sing 'n nuwe loflied" (Psalm 33:1, 5 en 7) (staande) |

**Gebed**

| | |
|---|---|
| **Gebedslied:** | "Spreek Heer" (Lied 254) – *gesing tussen Skriflesings* |
| **Skriflesings:** | Lukas 2:41-51<br>Lukas 4:21, 25, 42-44<br>Lukas 5:15-16<br>Lukas 24:28-32<br>Lukas 24:44-53 |

**Woordbediening**

**Moment vir Stilgebed**

| | |
|---|---|
| **Geloofsbelydenis:** | "Ek glo vas in God die Vader" (Lied 260:1, 2, 6 en 11) (staande) |

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

| | |
|---|---|
| **Slotlied:** | "Kom laat ons saam tot Jesus nader" (Lied 504:1 en 5) |

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 17 Mei | 18:00 – Ds. Johan Marais: Pinksterreeks begin…<br>18:00 – Ds. Janke Hurter: Kinderpinkster begin |
| Maandag-Donderdag, 18-21 Mei | 11:00 – Ds. Jan Lubbe: Pinksterreeks by Siësta<br>18:00 – Ds. Johan Marais: Pinksterreeks in kerkgebou<br>18:00 – Ds. Janke Hurter: Kinderpinkster in Jeugkamer |
| Sondag, 24 Mei | 09:30 – Di. Johan Marais en Janke Hurter (**Pinkstersondag** gesamentlike feesdiens!)<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| Sondag, 31 Mei | 09:30 – Ds. Jan Lubbe; gesinsdiens in saal – ds. Johan Marais<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe & paneel (Dag van Hoop en Heling) |

**PINKSTER 2026:**

Ons nooi alle kinders uit (jong gesinne ens.) om vanjaar wéér die KINDERPINKSTER te kom meemaak, Sondag- tot Donderdagaand om 18:00 in die Jeugkamer, gelei deur **ds. Janke Hurter**:

**"Uit elke volk, nasie, stam en taal – saamgebind deur sy Gees."**

Sondagoggend: Wie is almal na die Fees genooi? (Handelinge 2)
Sondagaand: Wanneer begin die Fees? (Johannes 10).
Maandagaand: Hoelank hou die Fees aan? (Openbaring 5)
Dinsdagaand: Watter geskenke bring ons saam? (1 Korintiërs 12)
Woensdagaand: Wat maak die Feestafel anders? (Romeine 12)
Donderdagaand: Wat vier ons? (Johannes 20 / Lukas 24)

**Pinksterreeks in die Kerkgebou**, gelei deur **ds Johan Marais**:
"ASEMNOOD – die Worsteling van Gebed"
Sondagaand: God het só naby gekom - Romeine 8:23-28
Maandagaand: 'n Worsteling met God – Genesis 32:22-31
Dinsdagaand: Wat help dit om te bid as God onveranderlik is? – Jona 3
Woensdagaand: Die Seun van God in gebed – Lukas 22:31-34 & 39-46
Donderdagaand: Klop, klop en klop weer - Lukas 11:5-10
Pinksterfees: Jesus se grootste antwoord op die gebed wat ek nie eers geweet het ek bid nie... - Luk 11:11-13

Pinkster @ SIëSTA: Soggens om 11:00, Maandag–Donderdag, gelei deur **ds Jan Lubbe**

Ons jaarlikse **Pinksteruitstalling** is in die kerksaal, saam met die gebruiklike **sop en broodjies**, warm teen die koue – kom kuier elke aand saam ná die dienste.
ENGO se Koue Wintersnag: Bring 'n **kombers** saam kerk toe as geskenk vir iemand in ons stad of op straat, wat gebrek ly en koud kry!

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 17 Mei | Zanie Bester, Charl Malan en Cheryl Zietsman. |
| 18 Mei | Lihan Botes, Gabriël Denner, Suné Foord, Pieter Joubert en Saai Pienaar. |
| 19 Mei | Devan Oberholzer en Naledi Tsubella. |
| 20 Mei | Lee-Anne Claassens, Roux Gray, Conrad J v Rensburg, Toy Strydom, Laroché van Zyl. |
| 21 Mei | Franzel van Zyl. |
| 22 Mei | Kitta Engelbrecht, Duan Kymdell, Marina Nel en Dané Pretorius. |
| 23 Mei | Lutje van Pletzen en Francois van Zyl. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Kathy Jansen (Siësta, wyk 10); Tannie Anna van der Westhuizen (Serenitas133, wyk 15); Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Christina Müller

(Noorderbloem); Jan Davel (Santé 68 wyk 18) en Sheila Prinsloo (Serenitas 160, wyk 15). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe – hier o.a. die moeder van Natasha en Frikkie Badenhorst.

Ons innige meelewing aan dr Do-Jo Jordaan en haar gesin (Morganstr. 16, wyk 6a), by die heengaan haar moeder, Marguerite; so-ook met die vriendekring en familie van prof Francois Retief, voormalige rektor van die Universiteit van die Vrystaat.

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak gerus ds. Johan Marais (084 517 8052), wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Geen Woensdagaand-Bybelstudiegroepe – dit is Pinkster!
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *'n Padkaart vir die lewe*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 084 517 8052 (ds. Johan).

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In **Mei** is **Wyke 13**, **14** en **15 Wyke 12** (blok noordwes van Tempe en langs N1) en **13** (Verre Weste) aan diens vir Sondae se tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter – dankie! Indien jy wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Vrouediens se Sondagpoeding – Vandag, Lemoenpoeding** (ná erediens by kombuis).

**Gasvryheid nodig:** Gemeente George Bergsig (van ds Rudolph en Sanet Grobler) het weer hul uitreik na die Noorde en slaap hier by Mooigenoeg oor; ons wil help met hul aandete vir Vrydagaand, 26 Junie vir ± 50 lidmate. Kontak die kerkkantoor (073 180 3193) asb. ...

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie betrokke Sondag – vanoggend, 17 Mei: **Beursfonds vir Teologiese Opleiding.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**

**Mei is Spesiale Dankoffermaand**! Met Herfs en Oestyd tussen Pase en Pinkster, sê ons as gemeente ook dankie, vir al God se guns en goedheid. Ons mikpunt is R 620 000; tot dusver het daar R 161 719 ingekom – baie dankie. Laat ons biddend bly.